### *Die uitwerking van die wonder op die Perse*

**202** Die voorval maak op ons Perse`n goeie indruk. Dan kyk hulle na Skabbi en kyk dan weer na My, dan weer na die tot lewe opgewektes, voel hulle polsslag en vra hulle nadruklik of hulle tog wel werklik dood was en of hulle hulleself dan absoluut niks kon herinner van wat daar met hulle gebeur het nie!

[2] Maar **die man** sê: "Vra dit aan hierdie klip, dit sal jou daaroor dieselfde kan vertel as ek nou! Ek weet maar net dat `n geweldige waterstroom my meegesleur het in die see in, waardeur ek dadelik bewusteloos geraak het en derhalwe doodgegaan het, sodat ek vanaf daardie oomblik niks meer geweet het van wat daar met my gebeur het nie. Ek herinner my net nog - maar net innerlik - dat ek myself kort nadat ek deur die dodelike vloed verslind was, baie treurig saam met my dogters op `n groot weide bevind het en het nie geweet waarom ek nou eintlik treurig was nie. Weldra omhul ligte wolkies ons van alle kante en in die lig daarvan voel ek dat ek so gelukkig word! Ons het egter niemand buite onsself gesien nie en tydens hierdie saligheid het `n soete slaap ons oorval en uit hierdie slaap het ons weer hier ontwaak. Nou weet julle alles wat ek daaroor kan sê, - oordeel nou maar self!

[3] Dat my liggaam dood was, daaraan kan net so min getwyfel word as dat ek nou leef! Want daal nou maar eers af in die diepte van die see en bly ruim twee uur onder water, dan staan ek borg daarvoor dat jy liggaamlik heeltemal dood sal wees!"

[4] **Skabbi** sê: "Ja, ja, jy was volkome dood en die Wonderman het jou slegs deur Sy almagtige woord uit die dood opgewek! Nee, nee, so iets het die aarde nog nie beleef nie! - Maar wat nou?!"

[5] Toe roep **Jurah** vir Skabbi na hom toe en sê aan hom: "Wel, vriend Skabbi, wat sê jy nou oor hierdie gebeurtenis?"

[6] Skabbi sê: "Wat moet en wat kan ek jou daaroor sê?! Dit het die mag van JaHWeH gedoen en niemand anders nie! Want dit lê ver bo die horison van die menslike ervarings, en geen kennis het nog ooit hierdie ontsettende hoogte bereik nie. Dit bring my nou eers werklik in `n verleentheid!"

[7] **Ek** sê vir Skabbi: "Wel, vriend, hoe staan dit nou met die geskiedenis van die Messias wat dertig jaar gelede deur die bekende wyses uit die Môreland* in julle land wêreldkundig gemaak is? Is dit volgens jou nog altyd `n sprokie van die astrologie? *(*wyse manne uit die ooste)*

[8] Want sien jy, dieselfde Mens was toe in Bethlehem in `n skaapstal uit `n jong maagd gebore en aan wie die drie wyses, wat julle sterrekonings noem, goud, wierook en mirre as geskenke gebring het, dit is Ek - tóe `n pasgebore kind en nou `n man in die fleur van sy lewe! Hoe beval hierdie vreemde sameloop van omstandighede julle en wat dink julle daarvan?

[9] Dat Ek sonder meer dieselfde een is, daarvoor staan hier nog twee lewende getuies voor in. Die eerste een is Cornelius, die jongste broer van keiser Augustus en die ander is opperstadhouder Cyrenius, wat My vinnig na Egipte begelei en versorg het en `n ouer broer van keiser Augustus is! As jy dit nou weet, sê My nou, wat jy van die Messias dink wat die drie sterrekonings bekend gemaak het! Bestaan Hy, of bestaan Hy nie?"

[10] **Skabbi** sê: "Ja, nou bestaan Hy sekerlik, maar tóendertyd het dit erg na `n sprokie van `n sterrekoning gelyk! Want `n mens hoef ons sterrekonings maar net te ken, om te verstaan dat hulle elke nuwe verskynsel aan die hemel tot hulle eie voordeel sal uitbuit. In die eerste plek is hulle baie vertroud met alle geskrifte van die binne- en buiteland. Hulle ken die Judese profete net so goed soos die Indiese. Die ‘Sanskrit’ en die ‘Senta Veista’ van die Perse, Gewers en Brahmane ken hulle net so goed as óns Boeke; ook ken hulle die skole van die heidene en hulle leerboeke. In die tweede plek bestaan daar geen sterretjie aan die hemel wat hulle nie sou ken en selfs `n naam sou gegee het nie.

[11] As daar dan vir hulle `n nog onbekende ster verskyn, soos byvoorbeeld `n komeet, wel, dan word dit die onderwerp van allerlei voorspellings. As so `n voorspelling nie bruikbaar is vir hulle eie bewoners nie, dan gaan hulle daarmee na die buiteland en dan vind hulle wel êrens `n plekkie waar die verhaal opgang kan maak. Ons as ingewydes weet dit maar al te goed en dit is dan vanselfsprekend die verklaring van die feit dat die destydse rondvertelde verhaal oor die beloofde en gebore Messias van die Judeërs nie so baie indruk op ons gemaak het nie, toe die sterrekonings met hulle terugkoms dit aan alle Judeërs met vreeslik baie bombardement verkondig het, om daar self materieel beter af te wees nie. Hulle was wel ernstig met die saak besig, maar ons het ons by die ou spreuk gehou: 'Wie meer fantaseer en lieg as ander, word nie geglo nie, ook as hy nie bedrieg nie!'

[12] Wie sou toe ook maar kon gedroom het dat die sterrekonings eindelik iets waars opgespoor gehad het?!

[13] Nou dink ons natuurlik heeltemal anders oor U, en U sal ons vroeëre ongeloof aan U wysheid nou tog nie as sonde aan ons toereken nie?!

***Die nut van werk en die bose gevolge van niksdoen***

**203** **Ek** sê: "Dit nou wel nie, maar dit is tog ook waar dat die aardse kooplui maar al te goed alle geestelike dinge baie lighartig uit die weg ruim, wat ook by julle die geval was. - Het Ek gelyk of nie?"

[2] **Skabbi** sê: "Ja, verhewene, met Elohim se krag vervulde vriend, dit is wel waar dat die wêreldhandel en die skatte van hierdie aarde hulle oorwin en juis beheer en iemand baie tot nadenke en baie sorge gee. Maar `n mens doen, deur die rykdom goed te gebruik, gou allerlei nuttige ervaringe op en by baie mense wek `n mens die sluimerende gees op tot die doen van allerlei voordelige sake, besorg hulle `n nuttige besigheid en verwyder hulle op die manier van niksdoen, wat gewoonlik die vader van alle ondeugde en sonde is.

[3] Kyk maar eers na die priesterstand by byna alle volke! Solank hierdie mense moes werk en net soos elkeen hulle brood in die sweet van hulle aanskyn moes verdien, staan die waarheid ook by hulle op die eerste plek en hulle ontdek en bereken baie waaroor ons nou nog rede tot verbasing het. Hulle bring ewewig in die menslike denke en rig skole op vir die regte vorming van die menslike gees en die selfkennis. In die tyd vind sulke priesters die weë na Elohim en lei die medemense in alle gees en opregte goeie wil tot dieselfde insig.

[4] Maar toe die mense later die groot weldaad van die pragtige en verhewe inspanning van die ou en egte priesters altyd meer erken en hulle buitengewone nut insien, neem hulle alle swaar werksaamhede van die priesters oor, wat hulle bo alles geag en liefgehad het, voer die tiendegawes in en bepaal dat die priesters slegs vir die menslike gees moet sorg en werk. Die priesterstand het toe egter gou niks om hulle mee besig te hou nie, begin om te fantaseer en word eersugtig, sluit die egte waarheid in duistere katakombes op en begin mettertyd die liggelowige mensdom met allerlei sprokies en fabels af te skeep. So word die niksdoen van die priesters die wesenlike oorsaak van die verval, selfs van die baie verhewe en goddelike leer van die groot en ware priester Moses.

[5] Mens hoef slegs Moses en die profete te lees en die huidige manier van doen van die opvolgers van Moses en Aäron te Jerusalem daarmee te vergelyk, dan sal `n mens vinnig en moeiteloos ontdek dat hulle nie in Moses nie en nog minder in `n Elohim glo nie. Want as hulle in Moses en die Elohim wat deur hom verkondig is, sou glo, sou hulle nie die skandelikste beliegers en bedrieërs van die volk gewees het wat hulle liggaamlik en geestelik knegte gemaak het nie! Dit is egter alles `n noodsaaklike gevolg van die lasterlike niksdoen! En daarom dink ek dat die regte rykdom in die hande van wyse, welmenende en aktiewe mense, méér `n tempel van Elohim is vir die behoeftige mense as die tempel van Salomo te Jerusalem!

[6] Ons handelaars het natuurlik nie soveel tyd om ons met allerlei mistieke fantaseërs van die bevoorregte niksdoeners besig te hou nie en daarvan uit te soek hoeveel waarheid dit bevat nie. Maar ons leer die volk om niksdoen te vermy en ons omvorm hulle tot ware, nuttige mense! Op die wyse dink ek dat ons die geringe fout, waar u my op gewys het en die erns bestaan dat ons wel oor baie geestelike sake ligvaardig heen was- en weggestap het, dubbel en dwars goed te maak! Want van my kant dink ek maar: Deur die goeie in dade om te sit is beter as om die mooiste woorde daaroor te skryf - en dit self nie doen nie.

[7] Wat het ons egter daaraan om so diepsinnig na te dink en alles uiteen te rafel? `n Sterfling sal tog nooit agter die ware Wysheid van Elohim kom nie, hy sal selfs nie die buitenste sluier daarvan oplig nie!

[8] Maar as dit vir die mense nodig sou wees, sal Elohim se barmhartigheid wel weer `n Moses êrens opwek, dus `n egte Messias, net soos U nou `n egte een skyn te wees. Die sal ons dan beslis in die ware Wysheid van Elohim onderrig en ons sal dit as `n ware hemelse gawe koester en tot elke prys graag en baie dankbaar aanvaar en ook ons doen en late daarvolgens rig. Want ons handelaars is altyd groot vriende van alles wat vir die mensdom nuttige sake is en ons groot, aardse rykdom gebruik ons maar net om die mensdom, wat van nature altyd tot traagheid en niksdoen geneig is, op nuttige wyses vir hulself en vir ander, op allerlei goeie manier te laat besig wees.

[9] Verhewe, met Elohim se Gees vervulde vriend, sê vir ons of ons uitkyk op die lewe goed, bruikbaar en dus die regte een is, en of U ons deur U wysheid nog `n beter een kan gee!"